# Welkom by ons Hemelvaartdiens

# Vir gelowiges is hemelvaart die hart van ons verstaan van Christus vandag:

- Ons verstaan die kerk en sy missie eers reg op grond van die hemelvaart;
- Ons kry die durf en moed om te getuig vanuit Christus se koningskap;
- Ons beoordeel ons eie lewe en ons gemeente s’n vanuit Christus se koningskap van die kerk en die kosmos;
- Ons kan nie Christus se wil en ons identiteit los verstaan van Christus se leierskap nie.

# PINKSTER 2025

# TEMA: IN DIE KRAGVELD VAN DIE HG



**Do. 29 Mei** – *Jesus gaan – die Gees kom*. Hand. 1:6-11

**So. 1 Junie** – *Gees van krag en waarheid*. Hand. 2:1-13

**Ma. 2 Junie** – *Die Gees lei ons in ‘n verdeelde land*. Ef. 4:1-6

**Di. 3 Junie** – *Die Gees lei ons in geloof & hoop*. Rom. 8:14-17

**Wo. 4 Junie** – *Die Gees en die toekoms van die kerk*. Mat. 28:18-20

**So. 8 Junie** – *Lewe in die krag van die Heilige Gees*. Hand. 2:41-47



# Welkom by ons Hemelvaartdiens

Ons harte is vol vreugde en dankbaarheid oor die wonderlike werke van die Here. Christus is verhoog en sit aan die regterhand van die Vader.

Ons sing tot eer van ons Koning, ons bring lof aan ons God. Hy regeer oor die nasies, Hy sit op sy heilige troon.

Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus, wat opgevaar het na die hemel en aan sy kerk die Heilige Gees belowe het

# FLAM 120

Hy is Heer!
Hy is Heer!
Hy’s oorwinnaar oor die dood
en Hy is Heer!
Elke knie sal buig,
elke mens erken:
Hy, Jesus, is die Heer.

Hy regeer,
Hy regeer
van die regterhand van God
want Hy is Heer!
Elke knie sal buig
elke mens erken:
Hy, Jesus, Hy regeer!

Hy kom weer,
Hy kom weer,
op die wolke – om te oordeel –
Hy is Heer!
Elke knie sal buig,
elke mens erken:
Hy, Jesus, Hy kom weer!



# Hand. 1
# vers 1-11


1. My eerste boek, Teofilus, het ek geskrywe oor alles
wat Jesus gedoen en geleer het, van die begin af
2. tot op die dag van sy hemelvaart. Voordat Hy in die hemel
opgeneem is, het Hy deur die Heilige Gees bevele
gegee aan die manne wat Hy as apostels (gestuurdes)
uitgekies het.
3. Ná sy dood het Hy aan hulle met baie
onbetwisbare bewyse ook getoon dat Hy lewe. In die
loop van veertig dae het Hy by verskeie geleenthede
aan hulle verskyn en met hulle oor die dinge van die
koninkryk van God gepraat.

4. Terwyl Hy 'n keer saam met hulle aan tafel was, het Hy hulle
beveel: “Moenie van Jerusalem af weggaan nie, maar bly wag
op die gawe wat die Vader belowe het, soos julle van My
gehoor het. 5. Johannes het wel met water gedoop, maar julle
sal binne 'n paar dae met die Heilige Gees gedoop word.”
6. Toe hulle 'n keer weer bymekaar was, het hulle vir Jesus
gevra: “Here, is dit nou die tyd dat **U** die koninkryk vir Israel
weer gaan oprig?” 7. Hy het hulle geantwoord: “Dit is nie vir
julle om die tyd en omstandigheid te weet wat die Vader in sy
eie mag bepaal het nie. 8. Maar **julle** sal krag ontvang wanneer
die Heilige Gees oor **julle** kom, en **julle** sal my getuies wees in
Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in
die uithoeke van die wêreld.”

9. Nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit **sien**,
en 'n wolk het Hom weggeneem, sodat hulle Hom nie langer
kon **sien** nie. 10. Terwyl Hy weggaan en hulle nog stip na die
hemel (hemelruim) **kyk**, het daar skielik twee mans in wit klere
by hulle gestaan. 11. Dié sê toe vir hulle: “Galileërs, waarom
staan julle so na die hemel (woonplek van God) en **kyk**?
Hierdie Jesus wat van julle af na die hemel toe opgeneem is,
sal net so terugkom soos julle Hom na die hemel toe **sien**
opgaan het.”


Op die plaas doen
ons dinge groot


Lees ons die tekens
voor hemelvaart reg?


Beloftes
omtrent
Messias
Jesus se
lyding, sterwe,
opstanding,
hemelvaart
Jerusalem
Judea
Samaria
Uithoeke van
die wêreld
O.T.
Lukas-evangelie
Handelinge


Lees ons die tekens voor hemelvaart reg?
Drie bevele



# Waaroor gaan die bevele voor hemelvaart?

# <u>Eerste bevel</u>: Ek gee die stokkie aan “**julle**” oor

Storie van Hindoe wat tot bekering kom

“I must belong to the church that carries on the life of Christ”



Eerste bevel: Ek gee die stokkie aan "julle" oor
Hoor jy dat God die stokkie vir jou gee?

# Tweede bevel: Wees my getuies


Tweede bevel: Wees my getuies
Tree jy op as God se getuie?

# <u>Derde bevel</u>: Wag op die gawe wat die Vader belowe het (4,5,8)

***As die Gees oor jou kom, vind daar <u>bevrugting plaas</u>, word ‘n <u>nuwe lewe verwek</u> en ‘n <u>nuwe mens gebore</u>: ‘n mens wat na God lyk en soos God optree. Iemand soos Jesus.***


Die oomblik van
hemelvaart was sekerlik
‘n skok, verslaendheid,
maartoe dit insink…
Die teks wil opnuut ‘n afwagting kweek


Lees ons die tekens
tydens hemelvaart reg?
Die apostels was in verwondering


Die apostels was in verwondering
Wat doen so ’n goddelike ontmoeting aan ’n mens?
Beleef jy nog verwondering vandag?



# Wat gebeur tydens verwondering?

Watter perspektief kry jy as jy terugkyk?


# Besef die kollig draai nou na hulle



Wat doen dit aan jou as jy hoor dat die Here vertroue in jou het?

# Verwondering bring in beweging...

- Blydkap
- Gebed



Jesus gaan, maar gee
die stokkie oor aan die kerk
en belowe dat sy Gees sal kom!



Ons het darem die rye mooi reguit geploeg

# Lied 524: 1

God roep ons om met woord en daad,

vir Hom te leef en werk.

Hy roep ons deur sy Woord en Gees

en maak van ons sy kerk.

# L 524:1 (vervolg)

Hy kies, bewaar en onderhou;

Hy inspireer en bou.

Geloof wat deur die liefde werk,

hou aan, bly groei, maak sterk.

# L 524:2

God roep, en salf ons met sy Gees
tot koning en profeet;
tot priester, met 'n hart en hand
vir hul in nood en leed.

# L 524:2 (vervolg)

Hy leer ons om te werk en bid,

om berge te versit.

Hy wat vir ons die gawes gee,


maak ons vir diens gereed.

# L 524:3

Ek hoor U roep; ek ken u stem;
ek luister na u woord.
Laat, Here, ons gehoorsaam wees,
U dien soos wat dit hoort.

# L 524:3 (vervolg)

Waar kan 'n groter vreugde wees,
o Vader, Seun en Gees?
Deur omgee en met uitreik, Heer,
gaan ons met blydskap voort.


Jesus gaan, maar gee
die stokkie oor aan die kerk
en belowe dat sy Gees sal kom!

# Seën

Here, sedert u hemelvaart is ons u liggaam op aarde;

Ons hande is nou die enigste hande waarmee U u werk wil doen;

Ons voete is nou die enigste voete waarmee U in hierdie wêreld wil loop;

Ons oë is die enigste oë waarin mense nou u deernis en omgee kan sien uitstraal na hierdie hartseer wêreld;

Here, ons is u liggaam hier op aarde.

# VONKK 111

**Die Here stuur ons uit.**
**Hy stuur ons wêreldwyd**
**om wonde te genees,**
**getuies te kan wees.**
**Die Here stuur ons uit.**
**Hy stuur ons wêreldwyd**
**om wonde te genees,**
**getuies te kan wees.**

VONKK 111

’n Engel stuur Hy nie –
Hy stuur vir jou en my
om vrede uit te dra,
wat mense kan bevry.
Hy stuur ons na die pyn.
Hy vorm ons deur sy Gees
om elke dag al meer
soos Jesus te kan wees.

Jesus gaan, maar gee
die stokkie oor aan die kerk
en belowe dat sy Gees sal kom!